

# HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HERALD



>>> BLADSY 2

## Diewe Lockdown nie!

In hierdie grendeltyd soek baie mense desperaat na oplossings tot oorlewing

>>> BLADSY 2

## Ons is reg vir julle!

Hoërskool Heilbron is gereed om hulle graad 7- en 12-leerders op 1 Junie terug by die skool te verwelkom.

>>> BLADSY 6

## “Vrot” van tradisie

Tradisie word gebou op 'n verlede en 'n toekoms – verlede se leiers het die pad gebaan en toekomstige leiers word gevorm.

Met die uitdagende situasie t.o.v. die winsgewendheid van graanproduksie is produsente op die uitkyk vir alternatiewe gewasse om te verbou, anders as die tradisionele mielies, sonneblom en sojabone. Belangstelling in katoen is besig om geweldig te groei. Vaalharts Katoen (VHK) het ongeveer vyf jaar gelede na ander produksiegebiede (Stella, Setlagole, Migdol, Sannieshof, Mareetsane, Buhrmannsdrif, Schweizer-Reneke en Bothaville) begin uitbrei. Met die hulp van verskeie medewerkers is proefaanplantings gedoen en positiewe uitkomst is behaal – wat katoen 'n geskikte ekonomiese alternatiewe gewas in 'n wisselboustelsel maak.

Dawid Potgieter van Heilbron het verlede jaar die kopskuif gemaak en besluit om sowat 500 ha katoen te plant. “Dit is nie 'n maklike gewas om op te kry nie, maar met 'n sterk ondersteuningspan is die oes op die land en kan ons nog nie met sekerheid sê wat die opbrengs gaan wees nie, die stroper sal maar die uitslae bepaal.”

sê Potgieter. Hulle het die afgelope week die eerste draai gestroop en is dit nog 'n nuwigheid om al die aanpassings en verstellings op sy John Deere CS690 katoenstroper te doen.

Katoenverbouing is uiters intensief, gevolglik skram sekere produsente dikwels daarvan weg ten gunste van ander gewasse soos mielies, wat nie so intensief is nie. Die meeste van Dawid se aanplantings is in die Vaaldam omgewing tussen Heilbron en Oranjeville.

Die eerste baal katoen het die week geval vir DJ Potgieter Boerdery. Op foto staan 'n trotse Dawid (3de van links) en sy gesin vl: Kaitlyn, Fransie en JC

## MOONTLIKE WISSELBOUGEWAS KATOEN



**19<sup>de</sup> PRODUKSIEVEILING**  
Don. 11 JUNIE 2020 – 11:00  
SUNNYSIDE, Heilbron  
Lêer vanaf Heilbron op die 1177 – GPS: 32° 20' 14" S 27° 58' 7" E

Besigtigingsdag: 10 Junie 2020, 12:00

**20 Bulle**  
(Fase D getoets)

**250 Vronlike diere**  
(alle produksiestadia)

**200km Gratis Aflewering**

**NAVRAE:**  
Reën: 100km/h 062 278 9999  
Lêer: 100km/h 062 278 9999

**REMLAND**

**BKB LOUWID**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**  
DONDERDAG – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings  
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135  
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 818 1071  
E-pos: frankfort@bkb/louwid.co.za  
www.bkb.co.za  
Reg. No: 2005/036173/07

Waar sake elke keer,  
die eerste keer reg gedoen word!



# DIEWE LOCKDOWN NIE



Bekende Heilbronners, Jehanne en Phillip van der Merwe, treur oor hul geliefde skilpad, Tommy. Met die nodige permit het hierdie huishouding tot onlangs byna 30 skilpaai versorg. Vroeg in lockdown is hulle besoek deur 'n skraal man wat met 'n skilpad in die sak aan die deur kom klop het. Met die hoop dat hulle die skilpad by hom sal koop, het hy besorg verduidelik dat hy die skilpad

wil red en die polisiestasie hom na hulle gestuur het. Vir R100 koop Jehanne die skilpad by die man, aangesien dit haar passie is om hierdie bedreigde spesie te bewaar. Tradisioneel word die skilpad lewendig gekook en geëet as medisyne in sekere gelowe. Met raad van Natuurbewaring oorweeg sy dit om haar permit te verander na dié van 'n geregistreerde reservaat. Die volgende dag kom

dieselfde man weer vroeg die oggend met nog 'n skilpad daar aan. Jehanne verduidelik aan hom dat hy hiermee moet ophou en dat hy as gevolg van die inperkings tyd se reëls nie mag rondloop nie. Blykbaar tel hy die skilpaai langs die hoofpad op waar daar nog baie van hulle is. Met goeie bedoeling neem sy die 3de skilpad ook in. Sy voel bekommerd omdat hierdie diere wat hy aanbring nie wild is nie, waar 'n skilpad gewoonlik blaas, is hierdie heel rustig vir rondra. Laas week kom sy agter dat 4 van haar skilpaai weg is, en hierdie week nog vier, tesame met haar kruwa. Sy besef later dat die honde die vorige aand geblaf het, maar uit gewoonte het hulle nie opgestaan nie omdat die mees algemene rede vir hulle rumoer rondloper honde is. Met groot hartseer kom sy agter dat haar geliefde skilpad, Tommy, waarmee sy grootgeword het, ook weggedra is. Hiermee wil sy 'n beroep op die gemeenskap doen en hulle in kennis stel

van die bese kringloop wat besig is om te gebeur. Indien die man aan jou deur kom klop met 'n skilpad, bel asseblief dadelik en onopsigtelik vir Phillip by 082 380 0753. Hulle sal die nodige regshulp en aksie kry om hierdie man vas te trek. Diewe lockdown nie, en in hierdie grendeltyd soek baie mense desperaat na oplossings. Daarna het Jehanne weer deurgeloopt onder iemand wat handreinigers verkoop. Nadat sy haar buurman in kennis stel hiervan om te hoor of hy dalk ook daarvan wil koop, kom die twee tot die besef dat dit dieselfde produk is wat by die apteek verkoop word. Die houertjie wat sy wel ontvang het, het slegs water en 'n laventelprodukt in gehad. Elke Heilbronner word gevra om versigtig te wees en seker te maak dat dit wat hulle aankoop die regte produk is.

Op die foto:  
3 van haar skilpaai.  
Onderskeidelik ongeveer  
9 maande, 4 jaar en 70 jaar.

# ONS IS GEREED VIR JULIE

Hoërskool Heilbron is gereed om hulle graad 7 en 12 leerders op 1 Junie terug by die skool te verwelkom. Volgens die skoolhoof, mnr. Peter Smith, is die hele skoolterrein ontsmet en reg vir inspeksie. Met die afstandmerkers in plek sal die graad 12 leerders toegelaat word om by die voorkant die terrein te betree en die graad 7 leerders sal by die agterkant van die terrein ingaan. Met behulp van die klinieksusters sal elke leerder die siftingstoets ondergaan, soos dit op Maandag vir die personeel gedoen is. Die kurrikulum is aangepas en reeds ontvang sodat onderwysers genoeg tyd het vir voorbereiding. Die skool het ook hulle roosters aangepas en saalperiodes heeltemal afgeskaf. Die skool sal egter nou eers om 2 uur uitkom, waar dit in die verlede half 2 was. Hierdie verandering is aangebring om die skoolwerk in tyd klaar te kry. Kinders sal egter ook nie klasse wissel nie, maar onderwysers sal na die klasse roteer. Die totaal kinder per klas is ook aangepas en volgens die riglyne mag daar slegs 20 leerder per 49m<sup>2</sup> toegelaat word, die standaard grootte klaskamer. Die graad 7's en 12's is opgedeel in twee klasse

elk en gaan klastyd ontvang in verskillende klaskamers. Mnr. Peter Smith vertel dat hy nie bekommerd is om die skoolwerk in tyd klaar te kry nie en is dankbaar vir dit wat die departement reeds gedoen het vir skole. Soos beloof het Hoërskool Heilbron die nodige handreinigers vanaf die departement ontvang. Die skool gee vir elke leerder 'n groen geruite masker gratis, wat lyk soos die ou skoolklere eens was. Voorlopig sal hierdie kwartaal duur tot en met 24 Julie en die skool weer heropen op 29 Julie om 'n kort breuk aan onderwysers en leerders te gee. Volgens gerugte sal die res van die grade op 17 Julie by skole toegelaat word. Hoërskool Heilbron begin nou reeds dink aan maatreëls vir wanneer meer kinders op die skoolterrein gaan wees. Die beplanning is om elke graad elke tweede dag skool te laat gaan, aangesien die klaskamers nie genoeg sal wees om almal te verdeel en 'n sitplek te gee nie. Later sal die matrieks ook klas ontvang vanuit die skoolsaal, almal saam, eerder as om verdeel te wees. Hoërskool Heilbron is gereed vir aksie en opgewonde om terug by die skool te wees en die leerders te verwelkom.



## Recipe to keep children happy

1x Large grassy field. Mix in children with dogs.  
Sprinkle with flowers, paint with bright blue sky.  
Bake in hot sun. When brown, set in a bath to cool down.

# WE'RE TURNING SHOPPING INTO CARS!

In dié moeilike tye is ons nog steeds daar vir jou met ons SPAR Wen 'n Kar kompetisie

KOMPETISIE STREK VANAF 21 APRIL TOE 7 JUNE 2020

SPAR Corn Flakes 7 kg

**39<sup>99</sup>**

Nescafe Riccofy (Koffiepoed) 750 g

**R74<sup>99</sup>**  
**R5<sup>af</sup>**  
**R69<sup>99</sup>**

Nescafe Cremora 750 g

**29<sup>99</sup>**

Nutrigrain 16 x 100 ml

**R28<sup>00</sup>**  
**R2<sup>af</sup>**  
**R26<sup>00</sup>**

Liquor Fruit 100% Vrugtesap 2 liter

**29<sup>99</sup>**

All Gold Tamborescent 700 ml

**23<sup>99</sup>**

Liquor Fruit 100% Vrugtesap 2 liter

**29<sup>99</sup>**

SPAR Lippevries Gesuipde Tjops in Olie of Water 170 g

**27<sup>00</sup>**

Tastic Halfjaar Volgraan Bruin-Sag en Afskerende Wit- of Sneljaar Langkornel-Rys 2 kg

**R25<sup>99</sup>**  
**R2<sup>af</sup>**  
**R23<sup>99</sup>**

Die **Skottel** wat alles doen

KOOK + BEIG + WAS + VRIES

SPAR

**KOOP** KRY 'N PLAKKER VIR ELKE REIS WAT JY SPAAR

**VERSAMEL 15 PLAKKERS** EN VOLTOOI JOU VERSAMELKAART

**SPAAR 55%** WANNEER JY 'N PYREX\* SKOTTEL KOOP

\*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

**ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU NOG 'N WENKANS!**

Beskikbaar by uitgeroepde SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 27. Mei tot en met 31 Mei 2020, ten volle voorraad hou. Om behou die reg van om hoërteelheid te beperk. Nie beskikbaar in die Uptington of Komoos area, KwaZulu-Natal, die Land of the West- en Die-Kamp-re. TV produkte word wyd beskikbaar. Pryse sal BTW in.





## UIT DIE PEN

Paronomasia. Mooi woord, nê? Jy sou dink dat dit verwys na panorama. Of paranormal. Of wat van die Engelse paranoid? Rikus het 'n paar jaar gelede 'n klein prosedure in sy oor ondergaan. Toe hy die aand by die huis kom, het die hele familie hom gespot.

Een sê: "HOOR, HOOR!" Die ander een: "OOR my dooie liggaam!" Iemand wil weet of Rikus tans geHOORsaam is? Totdat Rikus vanself besluit het dat hy nou OOR al ons simpel grappies is.

Verlede jaar met die einde van Ramadan het my gryse ou Moeder gehoor dat die Imam meer Moslems Hermanus toe genooi het om die einde van Ramadan in te wag. Ek verduidelik aan haar dat die Imam die Moslems moet laat weet wanneer die volmaan gesien kan word. Dit kondig dan die einde van Ramadan aan, en al die Moslems kan begin om Eid te vier.

Twee dae daarna gaan kuier ons by broer, en gryse ou Moeder is saam. Aan die etenstafel moes sy weer vra.

"Nou vertel my: hoekom gaan die Moslems Hermanus toe?"

"Maar ma," sê ek, "wat verstaan ma nie? Hulle gaan HerMAANus toe om die maan te loop kyk."

Ja, jy het reggeraai. Paronomasia beteken "woordspeling." Dalk beter bekend in Engels as "pun". Jy weet mos nou al teen hierdie tyd dat ek 'n baie wrang sin vir humor het, en gewoonlik lag ek waarvoor die res van die wêreld nie eers sou grinnik nie.

Die ander dag luister ek na 'n Afrikaanse program oor die Pionierskool in Worcester. Miskien net 'n terloopse opmerking: ek sal nooit, ooit met iemand se gebrek spot nie.

Intendeel, ek wil eerder help as wat ek daaroor lag. Nietemin. Ek kan nie eers meer onthou waarom die program gegaan het nie, maar ek weet dat daar nie genoeg geld beskikbaar gemaak is nie. Die joernalis wou by die ander persoon weet wat hulle nou gaan maak?

Waarop die persoon antwoord: "Ek kan nie my weg oopSIEN om daarmee aan te gaan nie."

Ek het nie res van die gesprek gehoor nie, want ek het hierdie onbewustelike woordspeling sô geniet.

Verlede jaar met die einde van Ramadan het my gryse ou Moeder gehoor dat die Imam meer Moslems Hermanus toe genooi het om die einde van Ramadan in te wag. Ek verduidelik aan haar dat die Imam die Moslems moet laat weet wanneer die volmaan gesien kan word. Dit kondig dan die einde van Ramadan aan, en al die Moslems kan begin om Eid te vier.

"En toe ontmoet hulle mekaar op 'n BLIND date." Ek weet dit was dalk nie goeie maniere nie, maar ek het uitgebars van die lag, waarop Eric doodluiters opgemerk het: "Jy SIEN wat ek bedoel?"

Dit laat my dink aan 'n nuusberig van ek vandag iewers gehoor het. Daar word beweer dat die pandemie-rookverbod wat deur NDZ geïnisieer is, verband hou met haar vriendskap met Adriano Mazzotti. Dit is dieselfde persoon

wat Julius Malema se huis aan dié se vrou verhuur. Daar word ook gemeen dat hy in 2016 'n genoegsame skenking van R200000 aan die EFF gemaak het. Daar is ook 'n handvol fotos van Mazzotti en Malema waar hulle heerlijk kuier.

Verder word hy verdink van onwettige sigaret smokkelhandel, en skuld straks ook 'n paar blare aan Jan Taks. (Het jy daardie paronomasia gekry? Die blare en die tabak.)

Iedergeval: ek hoor toe dat iemand kommentaar lewer op die moontlike vriendskap tussen NDZ en Mazzotti. Hy sê: "Waar daar 'n rokie trek..." En ek giggel al weer sô lekker. Dalk moes die kommentaar liewers gewees het: "Waar daar 'n rokie trek, is daar 'n sigaretjie."

Terug by die rookverbod: die massas moet ophou rook, want klink my dat hulle lange meer vatbaar is vir infeksies. Dit is eintlik nie vuurpylwetenskap nie: rook verswak jou longe. Punt.

Maar soos ek al in 'n vorige skrywe gesê het: wie bepaal wanneer iemand moet ophou rook? Maklik, NDZ besluit. Sy het sommer namens die hele rokende Suid-Afrikaanse bevolking besluit. Hier is 'n ander scenario (iemand saam met wie ek werk, praat altyd van "sin-arrie-jous"):

As dit waar is dat iemand se affiniteit vir drank gestop kan word deur die drankwinkels vir meer as 8 weke te sluit, en as dit waar is dat iemand se affiniteit vir twakkies gestop kan word deur 'n verbod op die verkoop van sigarette, dan kan sekere van die magsdronk politici ook seker genees word deur hulle uit hulle posisies te verwyder. Maklik.

Lank se tyd rook ek nie, maar ek het begrip vir elkeen wie se mond

water by die gedagte aan 'n sigaret, nes elke sjokolis wie se mond water by die gedagte aan 'n heerlike stukkie sjokolade. Maar ek noem hierdie verbod bloot moedswillig. Blykbaar hou NDZ nie van rokers nie. Ook nie van sigarette en tabakprodukte nie. En nou moet almal dit ontgeld. Daar is nie bewyse dat NDZ enige finansiële vergoeding kry nie: as die wettige verkoop van sigarette tydens inperking onwettig is, is die onwettige verkoop van sigarette mos wettig. Of nie?

Ek wonder al klaar of hierdie regtig op 'n hofspraak sal uitloop en wat die uiteinde sal wees. Nugter weet (hierdie woordspeling sou net gewerk het as ek van drank in plaas van sigarette gepraat het).

Verder gaan die lewe genadiglik aan. Die meeste van die kinders, so klink dit my, wil teruggaan skool toe. Maar die meeste van die vakbondlede nie. Sou hulle dalk langer wou vakansie hou? Of geniet hulle die aanlynklasse te veel? Ek weet wat ek dink, en ek weet ek mag dit nie sê nie.

Vat groot happe dat ons gou-gou ontslae kan raak van hierdie virus. Dra maar die verpestelike masker, maar onthou dat dit soos 'n onderbroek werk: die neusie en die mondjie moet toe wees. Help nie jy maak jou mond toe, maar jy saai jou snotterytjies die hele wêreld vol wanneer jy praat nie.

Ek lees iewers dat jy selfs die masker moet aan hê as jy alleen in jou kar ry. (Ek weier. My kar. My reëls.) Iemand lewer daarop kommentaar:

"Dit is soos om 'n kondoom te dra wanneer jy alleen slaap."

## TE HUUR

### HUIS TE HUUR BETHLEHEM

Huis te huur in aftreeoord in Bethlehem.  
NAVRAE: Me Stafford  
083 330 9296 of Mnr De Wet  
076 119 5282

K0714

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
Hannalie Claassen  
079 040 0531

Vir sny-, hark- en baalwerk.  
Kontak Evert Kleynhans  
072 018 3685

R

## GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars  
Heilbron Herald (Edms) Bpk,  
Elstraad 44, Posbus 166, Heilbron  
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140  
www.heilbronherald.co.za  
E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

John Watson john@heilbron.co.za

Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort  
en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

## WEERVOORSPELING

|            |         |                    |
|------------|---------|--------------------|
| Vr 29 Mei  | -1 / 18 | Sonnig             |
| Sa 30 Mei  | 0 / 20  | Sonnig             |
| So 31 Mei  | 2 / 22  | Sonnig             |
| Ma 1 Junie | 1 / 23  | Sonnig             |
| Di 2 Junie | 2 / 23  | Sonnig             |
| Wo 3 Junie | 7 / 22  | Sonnig             |
| Do 4 Junie | 7 / 22  | Gedeeltelik bewolk |
| Vr 5 Junie | 7 / 22  | Gedeeltelik bewolk |
| Sa 6 Junie | 6 / 22  | Sonnig             |
| So 7 Junie | 6 / 22  | Sonnig             |
| Ma 8 Junie | 6 / 23  | Sonnig             |

## DIENTE SMALLS

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON  
Tel: 058 852 2041  
Petro Meintjes 083 308 9159

SUNDAY 21 JUNE 2020

FATHERS DAY

**Andries Muller**  
072 447 7446

Vrystaat 23,  
Heilbron  
Ou Heilbron  
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS  
ALGEMENE DRAAIWERK  
MEGANIESE  
HERSTELWERK

BAAL /  
SNY &  
BAAL

Vir die maak van  
voer, vanaf sny tot  
baal. 1.2m bale  
(tou/net). Velde of  
wenakkers. Petrus  
Steyn, Heilbron en  
Lindley.  
Kontak Jaco  
Meiring  
082 851 6158 of  
Piet Meiring  
082 571 4191  
peerlandhandel@gmail.com

R

**GiG**  
Technologies (Pty) Ltd.

074 279 6993  
072 840 4495

**Gigabyte AMD Desktop Computer**

\*AMD 9600 Processor \*Keyboard  
\*4GB DDR4 RAM \*Mouse  
\*1 TB Hard Drive \*20" LED Monitor  
\*DVD Writer

NOW ON SALE  
FOR ONLY R6999

While stocks last

ORDER  
YOURS  
TODAY



# HEILBRON SE ONDERWYS “VROT” VAN TRADISIE

*Hoe meet ’n mens tradisie - die woordeboek het myns insiens die mooiste verklaring! “Oorgelewerde opvatting, gebruik, geloof, oorlewering van mond tot mond, van geslag tot geslag!”*

’n Aanhaling uit mnr J. C. (Kooos) Steenkamp, latere skoolhoof van Heilbron, het in 1952 in sy Geskiedenis van Heilbron en Distrik boek gesê “Dit was die jaar 1901 wat die meeste slagoffers in die konsentrasiekampe gebring het. Op Heilbron was ook een van daardie kampe. In die kamp is 787 kinders dood. Daar was in daardie kamp 400 op skool!”

Die skoolkinders in die konsentrasiekamp het Bloekombome geplant by die kamp waar die Voortrekkergronde is en onder elke boom ’n botteltjie met hul naam op papier onder die boom gesit.

Die eerste Goewermentsskool het in 1875 op Heilbron gekom. Die 19-jarige prinsipaal, mnr. U. Lintott, het 21 leerlinge onder sy sorg gehad. Skool is gehou in die NG kerk. In 1877 is die eerste skoolgebou voltooi en mnr. A. Faure was aan die hoof van 32 leerlinge.

In die jare rondom 1880 was mnr. W. C. Brebner die inspekteur van skole en het ook later Direkteur



**DUITS-WES IS LEKKER. DUITS-WES IS GOED....** Verlede week is ’n foto geplaas van die Heilbron Hoërskoolorkes van 1955. Talle terugvoerings is ontvang van lede en familieleden. Die goeie ou dae! Daar is toe ook gevra wat het geword van die skilderye wat in die agtergrond van die orkes hang. Daar is een opgespoor van drie skepe met Tafelberg in die agtergrond. Daar was blykbaar ’n instelling van die matriekleerlinge van die jaar om deur die jaar fondse in te samel en dan ’n skildery te koop en aan die skool te skenk. Soos in Engels gesê word “lest we forget”. Die instelling word ook in Kooos Steenkamp se boek oor Heilbron se geskiedenis – tot 1952 - vermeld. Ons haal aan “In die skoolsaal hang skilderye ter waarde van honderde ponde.” Voor die skoolsaal wat ook die Voortrekker-Eeufees Gedenksaal heet, is ’n monument wat in 1938 tydens die besoek van die ossewaens opgerig is. Waar wil mens nou verder na tradisie-bou soek. Van die name en vanne wat in die berig hieronder verskyn het ook gehelp om Grey-kollege se tradisie staan te maak – Brebner, Thomas Leith, Faure.

van Onderwys geword.

Mnr. Thomas Leith was prinsipaal vanaf 1894 tot 1897. Hy was hoog aangeskryf in Bloemfontein en het later jare ’n

groot rol gespeel op Grey-kollege waar ’n koshuis na hom vernoem is (Leithhuis).

’n Opmerking - ’n personeellid, ’n mej. Brebner, het Leith bygestaan saam met twee ander onderwysers. Sy was die dogter van die Direkteur van Onderwys, mnr. W. C. Brebner. Hy was in 1902 mede-ondertekenaar van die Vrede van Vereniging na die Anglo Boere-oorlog wat in Melrose House, Pretoria plaasgevind het.

Plaasskole het baie meer kinders gelok - in 1908 was daar 200 dorpskinders teenoor die 900 in die 19 plaasskole.

Teen 1892 was daar al drie plaasskole met 80 leerlinge – Slangfontein, Molendraai en Tweefontein. Daarna het plaasskole vinnig vermeerder. Onder andere Rooikop, Melkplaas, Goedgedund, Jakkalskop, Speekhoutsboom, Krabfontein, ens. “Step by Step” en “Trap deur Jeugd” was nog altyd in gebruik asook die griffel en lei.

Daar was ook privaatonderig soos bv. mej. Hitchcock wat op Leeupoort die Weibach-dogters onderrig het. Dan was daar ook mej. Green wat goed onthou word.

Seker een van die laaste plaasskole wat staande gebly het en onderrig gegee het tot graad 7 was die Hoogte plaasskool. Een van die drie Roos-dogters, Karien, wat daar skoolgegaan het, het onlangs tydens die begrafnis van hul suster, Elmiën, die prettige opmerking gemaak dat ’n medeleerling, Piet Boshoff, die mooiste kêrel in die skool was. Al die dogters was verlief op hom. Daar was 15 leerlinge en tant Anna Marais was die prinsipaal. Dit was die jaar

1968.

Erina Oosthuizen, ’n oud-boorling van Heilbron en onderwyseres, vertel dat sy op Welkom plaasskool tot graad 7 skoolgegaan het. Sy het skool toe gestap terwyl die kinders wat verder gewoon, oa Sampie Marais, Driefontein, met ’n perd en treppie aangery is. Onthou ook hoedat Jan Marais, Slookraal, met sy perd skool toe gery het. Mnr. Sarel Jordaan was die skoolhoof.

Interessante feit is dat tydens die Rebelle van 1914 die skool vir ’n paar maande gesluit was en dat van die onderwysers by die Rebelle-magte aangesluit het, terwyl ander weer by die Union Forces was. Van Heilbron se skool was mnr. F. J. le Roux ’n bekende rebel. Na die Rebelle is 15 van hulle gesuspendeer.

Heilbron het baie om op trots te wees, want sy leerlinge het op baie akademiese terreine presteer, asook op sportgebied. Daar word dikwels op die TV gesien hoedat dr. Dirkie Hermann, Solidariteit, die volk verdedig op terreine waar dit nodig is om die regering aan te vat oor besluite wat geneem is. Op sportgebied, veral rugby, word gedink aan Kooos Meiring, wat die Junior Springbokspan verteenwoordig het. Daar is baie terreine waar sy leerlinge presteer het.

Een van die “teenprestasies” wat die skool nie maklik sal vergeet nie, was toe ’n man by Cliff Marshall, die Latyn en Engelse onderwyser, se klaskamer ingestap het en Hannes Pretorius met ’n mes in die nek gestek het. Hy het die lelsels tot met sy dood gedra.

Aan die anderkant van die muntstuk sal ook onthou word hoedat Simon van Garderen met sy vegvliegtuig laag oor die skoolterrein gevlieg het. Sy pa, Henk van Garderen, was ’n onderwyser. Simon het ook aan die oorlog in Korea deelgeneem.

Tradisie word gebou op ’n verlede en ’n toekoms – verlede se leiers het die pad gebaan en toekomstige leiers word gevorm. Die belangrikste eienskap is die liefde vir wie en wat jy is!

*Finem Respice - Consider the end. (Live so that your life will be approved after your death)*

*Time Gentlemen – Tom Watson*




Charl en Anna Marais (Tant Anna was die skoolhoof op Hoogte plaasskool)

## BLOEDSKENK TYDENS INPERKING

Die skenk van bloed is ’n essensiële diens en is operasioneel tydens die inperking. Die SANBS se besoek aan Heilbron op 26 & 28 Mei 2020 in die NG Suid Kerkzaal was met die doel om 120 eenhede bloed in te samel vir die twee-dae tydperk. Teen die einde van Dinsdag het hulle reeds

64 eenhede ingesamel en was kort oor die halflyn-doelwit. Teen druktyd was Donderdag se getalle nog nie aan ons bekend nie. Die SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Skenk bloed. Jou bloed red lewens en help SANBS om ’n tekort aan bloed te voorkom.



### KREATIEF MET SKRAPPAPIER

**Stap 1.** Vorm ’n kegel uit ’n stewige karton of papier en trek oor met gekleurde papier. **Stap 2.** Sny snawels, oë en kuiwe uit verskillende kleure en plak dit op die kegel. **Stap 3.** Sny vere uit en plak vas. Teken pote en kloue, sny uit en plak aan die binnekant van die kegel. **Stap 4.** Teken en sny stertvere en vlerke uit. Plak sterte aan die agterkant vas. Plak die vlerkvere versigtig agter borsvere in. Maak ’n gaatjie aan die bokant van die kegel en ryg ’n tontjie deur sodat jou voël kan hang.



### Latest Releases Late-Nite Video Heilbron

Frozen 2  
Poppie Nongena  
Knives out

### Ons is oop vanaf 1 Junie

Kerkstraat 42 C / 42 C Church street  
072 807 7790 ★ 076 868 3837

## ROOK IS NADELIG VIR JOU GESONHEID



### Heilbron Kliniek

Volgens die Wêreldgesondheids-organisasie sal rook teen 2030 die vernaamste oorsaak van sterftes in die wêreld wees. In lande soos die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk en Kanada veroorsaak rook reeds die dood van meer mense as heroïen, kokaïen, alkohol, VIGS, brande, moorde, selfmoorde en padongelukke gekombineerd! Tabakverwante siektes veroorsaak jaarliks die dood van 25 000 mense in Suid-Afrika.

### Hoekom is rook so gevaarlik?

Sommige van die siektes wat deur rook veroorsaak kan word: Hartaanvalle, beroertes, bloedvatsiektes, emfiseem, kroniese bronchitis, maagsere, impotensie, kanker van longe, keel, stembande, mond, tong, slukderm, blaas, pankreas, niere, maag en slierks.

### En in vroue:

Vroeë menopouse en osteoporose. Boonop is die babas van moeders wat rook meer geneig om ondergewig te wees by geboorte, stilgebore te word, of voor hulle eerste verjaarsdag te sterf.

### Rookverwante siektes lei nie net tot die dood nie

Dit kan ook jare van ellende veroorsaak. Verstoppe bloedvate kan pyn in die bene veroorsaak tydens oefening en kan selfs tot die amputasie van ’n ledemaat lei. Borsprobleme soos emfiseem kan jou vir jare bedlêend maak en om elke asemteug laat veg. Rokers kan reeds in hulle 30’s en 40’s probleme ondervind, maar selfs 18-jarige rokters is nie so fiks soos hulle vriende wat nie rook nie.

### Familie en vriende

Jou familie en vriende kan ook daarby baat as jy ophou rook.

### Wat jy behoort te weet oor tweedehandse rook:

- In Suid-Afrika word ons blootgestel aan tweedehandse rook by die huis, terwyl dit beperk word op skool, in openbare plekke, op openbare vervoer, in restaurante en by die werk.
- Tweedehandse rook is die rook wat rokers uitblaas. Dit word soms omgewingstabakrook genoem.
- Sigaret-, sigaar- en pyprook kan ernstige gezondheidsprobleme veroorsaak en nie net vir rokers nie.
- Omtrent 15% van die rook van ’n sigaret word deur die roker ingesam. Die res word in die lug opgeneem.
- Wanneer ’n nie-roker tweedehandse rook inasem, word dit passiewe rook genoem.

### Tabak en tweedehandse rook bevat 4500 chemikalieë

Chemiese toetse op tabakrook het bevind dat ‘systroom’ rook meer teer en ander kankerverwende chemikalieë bevat as ‘hoofstroom’ rook. Wanneer ’n sigaret aangesteek word, word bykans 85% van die rook in die atmosfeer vrygestel as ‘systroom’ rook. Sommige chemikalieë in tweedehandse rook bevat prikkelmiddels en sistemiese gif-stowwe soos waterstofianied, sulfaatdioksied, koolstof-monoksied, ammoniak en formaldehid. Rook uit die brandende punt van ’n sigaret bevat meer gif-stowwe as die rook wat deur die roker ingesam word.

### Affekteer tweedehandse rook die gesondheid van ’n nie-roker?

Ongetwyfeld! As ’n roker is jy sekerlik bewus van die effek wat rook op jou gesondheid het, maar het jy geweet, wanneer jy rond-om ander mense rook, hulle gesondheid ook geaffekteer word?

### REMINDER

### PUBLIC NOTICE

### DRAFT IDP AND DRAFT BUDGET FOR PUBLIC COMMENTS

Community members are hereby reminded that due to the COVID 19 pandemic regulations published by the National Government, Ngwathe Local Municipality will not hold public participation meetings as usual but instead, community members are requested to submit their written comments and inputs to the municipal offices in Head Office, Parys, P.O. Box 359, Parys, 9585 or the following e-mail addresses,

Office of the Municipal Manager  
[puseletso@ngwathe.co.za](mailto:puseletso@ngwathe.co.za)

Office of the CFO  
[cfoadmin@ngwathe.co.za](mailto:cfoadmin@ngwathe.co.za)

The draft 2020/2021 IDP and MTREF Draft Budget 2020/21, 2021/22 and 2022/23 as tabled to Council has been published on our website [www.ngwathe.fs.gov.za](http://www.ngwathe.fs.gov.za) with effect from Friday 08 May 2020.

Please be reminded that the closing date for the submissions of the public comments and inputs is Friday the 05 June 2020 at 12H00. Whatsapp number: 067 421 1040

Trusting you find the above in order.

.....  
BW KANNEMEYER  
MUNICIPAL MANAGER



HERALD

# HEILBRONNERS TRAP VIR LIEFDADIGHEID **SPORT**



**SKOTE PETOORS:** Die Pretoriuse het Saterdag 12 km ten bate van die Nasionale Instituut vir Dowes flink platgetrap. Agter van links is JC sr, Meloney en JC jr (11). Voor is John-Ric (9).

Nie eers die winterkou kon die warm harte van nog nege Heilbronniers keer toe hul Saterdag aan die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) se #LockDownRun-uitdaging deelgeneem het nie. Die Pretoorse (JC sr, Meloney, JC jr en John-Ric Pretorius), Combrinks (Burger, Annari en Elzeri), Liza Boshoff en Johan Bergh het hul fietse vir dié geleentheid afgestof en 12 km ten bate van die NID platgetrap.

Die NID het die #LockDownRun as fondsinsameling geloods en Suid-Afrikaners uitgedaag om gedurende Mei ten minste 5 km vir dié organisasie te stap, draf, óf trap. Intussen het 'n groepie inwoners van die NID ook aan die uitdaging deelgeneem en op die instituut se kampus gestap. 'n Video van dié pretstap is op die NID se Facebook-blad gedeel. Die organiseerders en inwoners het hul dank aan elkeen uitgespreek wat op hierdie manier die instituut ondersteun het.



**KLEIN, MAAR "GETREIN":** Elzeri Combrink (9) en John-Ric Pretorius (9) was die jongste deelnemers aan die NID se #LockDownRun-fietsryuitdaging.



**HOE RY DIE BOERE: TRAP-TRAP SÓ:** Johan Bergh (15) voltooi sy deelname aan die NID se #LockDownRun-fietsryuitdaging vir die tweede keer.



**HOU BENE HOU:** Liza Boshoff in aksie tydens die NID se #LockDownRun-fietsryuitdaging.

**Heilbron • Edenville • Frankfort**



**Hugo Groenewald**  
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.wissentrail.co.za

**WISSENTRAIL**

J.J. Hudebestrat 97,  
Frankfort, 9539  
Sak: 082 569 7205  
Kantoor: 058 813 1067

**BKB Louwid NOORD**  
Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

**DINSDAG - 2 JUNIE 2020**

**KLERKSDORP** Weeklikse veiling  
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

**VEREENIGING** Weeklikse veiling.  
Kontak Freek Pieterse 079 560 7068

**REITZ : LANGLYF EN NONNIE TULI STOET**  
170 Beeste  
11:00, Avoca, Reitz  
Kontak Sakkie van Rensburg 082 562 0937

**DONDERDAG - 4 JUNIE 2020**

**FRANKFORT** Weeklikse veiling  
Kontak Marco Reinecke 079 483 9755

**KROONSTAD** Weeklikse veiling  
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**VRYDAG - 5 JUNIE 2020**

**STANDERTON** Weeklikse veiling  
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

**POTCHEFSTROOM** Weeklikse veiling  
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 6 JUNIE 2020**

**BALFOUR : ADCRO (PTY) LTD**  
Uitverkoop van 845 ile de France skape  
11:00, Leeuwkran, Balfour  
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07  
Postbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za



**POSTNET HEILBRON**

**DOMESTIC & INTERNATIONAL COURIER SERVICES**

INSURANCE • PACKAGING • TRACKING

Please hand in courier packets and letters before 10:00

**LOCKDOWN TRADING HOURS**  
Monday-Friday: 09:00 - 14:00  
Closed on Saturday, Sunday & Public Holidays

**NEW PREMISES**  
42 Els Str, Heilbron (next to Heilbron Herald)  
Tel: 058 65 30 006 - heilbron@postnet.co.za  
www.heilbron.postnet.co.za

